**Dit is volbring!**

**Joh 19:25-30**

**5 April 2026**

1. Vantevore: Pilatus se kennisgewing aan die kruis was akkuraat – die Here Jesus is die Koning van die (ware) Jode, trouens Hy is die Koning van die konings. Loting oor die Here Jesus se onderkleed was uitbeelding van die Here Jesus se werk as die ware Hoëpriester – Hy was naak aan die kruis, terwyl soldaat se naaktheid bedek is. Here Jesus is ware Priesterkoning.
2. Die Here Jesus se woorde aan Maria en Johannes (Joh 19:25-27)

| Joh 19:25 | Mark 15:40 | Mat 27:56 |
|---|---|---|
| Maria (moeder van Jesus) | | |
| Maria se suster | Salome | Moeder v seuns v Sebedeus (Johannes en Jakobus) |
| Maria, vrou van Klopas | Maria, moeder van Jakobus en Joses | Maria, moeder van Jakobus en Josef |
| Maria Magdalena | Maria Magdalena | Maria Magdalena |

   a. "Vrou" – Respekvol, en tog ook afstand tussen die Here Jesus en Maria (vgl Joh 2:4)
   b. Johannes moet Maria versorg
      i. Josef is oorlede, die Here Jesus gaan sterf/weg, Sy broers is nog afsydig
   c. Die Here Jesus vestig nuwe gemeenskap tussen gelowiges (vgl Mat 19:29)
3. Die Here Jesus se woorde: "Ek is dors" (Joh 19:28-29)
   a. Beide "Ek is dors" en "Dit is volbring" – na God-verlatenheid, kort voor Sy sterwe
   b. Ander gebeure as in Mark 15:23 wat afspeel voor kruisiging
   c. Twee redes hoekom die Here Jesus gesê het "Ek is dors":
      i. Sodat die Skrif vervul sou word: Watter Skrif?
         - Ps 22:16 – Sy tong kleef aan Sy verhemelte
         - Ps 42:3 en Ps 63:2-3 – Dors na God
         - Ps 69:22 – Het Hom asyn laat drink
      ii. Omdat die Here Jesus geweet het dat alles reeds volbring is
4. Die Here Jesus se woorde: "Dit is volbring" (Joh 19:30)
   a. Volbring/vervul = tetelestai
   b. In tuin van Eden was daar volop water (Gen 2:10)
   c. Drie probleme na sondeval:
      i. Probleem 1: die duiwel
      ii. Probleem 2: die mens se sondeskuld
      iii. Probleem 3: die dood, a.g.v. die sonde
   d. Here waarsku oor dors as resultaat van sonde (Deut 28:47-48, Jes 1:30, Hos 2:1-2)
   e. Here beloof: Een wat kop van slang sal vermorsel (probleem 1), versoening vir sondeskuld deur tabernakel en offerdiens (probleem 2), beloftes van ewige lewe (Jes 55:1,3, 56:5 – probleem 3)
   f. Die Here Jesus is bron van lewende water (probleme 2-3, Joh 4:13-14, 6:35)
   g. 3 Ure van duisternis: Duiwel is oorwin (probleem 1, Heb 2:14-15, Kol 2:14-15, Op 12:9), sondeskuld betaal (probleem 2, Kol 2:14-15)
   h. Die Here Jesus as Koning oorwin die duiwel (Pilatus se kennisgewing, probleem 1)
   i. Die Here Jesus as Hoëpriester spreek sondeskuld aan (soldaat met onderkleed, probleem 2) en gee lewende water wat opborrel tot ewige lewe (probleem 3)
   j. Wat is volbring? Aldrie probleme is effektief opgelos (vgl Op 7:14-17)
   k. Hoekom het die Here Jesus gesê: "Ek is dors"?
      i. Vervulling van Ps 22:16/69:22
      ii. Veral vervulling van Ps 42:3/63:2-3 – Na lyding, smag Here Jesus na Sy Vader